

Isébel gees

Isébel gees (Jezebel spirit)

Isébel was die vrou van Agab [*koning van Yashar'EL*] dogter van Et–Baäl, die koning van die Sidoniërs. Die Sidoniërs het Baäl aanbid en Agab het ook voor Baäl neergebuig om die dogter van Koning Et in die hande te kry vir hom as vrou. Isébel het Agab se verleentheid gesien en dit misbruik tot haar pa [*Ha satan*] se god. Met haar huwelik het sy dadelik orde na haar kant toe geswaai waarvan Agab gedwee ingewillig het. Sy het eerste begin om YAH se profete uit te wis waarvan Obádja [*een van YAH se profete*] 100 profete geneem het en hulle in spelonke weggesteek en onderhou het tot Elia se ontmoeting.

Isébel was 'n ywerig werker onder die uitverkore volk dat sy op die tyd van Elia al 450 Baäl priesters gehad het en 400 persoonlike Baäl priesters wat elke dag rondom die konings tafel gesit het. Sy het hulle verly en met hulle gehoereer (*Soos die slang in die Tuin*). Sy het hulle as vrywillige gevangenis aangehou en geleef van dit wat sy uit hulle kon kry (*bloedsuier / vampier*). Deur hulle het sy die land regeer. Sels Agab 'die koning' het na haar geluister en verslag gelewer as daar gebeurtenisse is in die land. Hulle ieder en elk was bang vir die towerspreuke wat sy uitgespreek het. Die geval van Nabot en sy wingerd het sy net 'n brief gestuur aan die oudstes en andere om hom dood te maak, en dit het so gebeur soos sy behaag het. [*Open 2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet*].

Isébel was een van Ha satan se gebruiklike voertuie om sy doel te laat verwesenlik op aarde. Sy was van die vele name wat vergelyk kan word soos: Semiramis, Diana, Astarte, Rhea, Isis, Istar en selfs ook die sodanige moeder Maria. Sy was bekend as die koningin van die hemel [*die klomp name*].

Ha satan gebruik die vrou om die wêreld “al van Eva se dae al af” te verly om hulle te verorber vir homself. Ha satan wat die manlike en so ook die vroulike figuur in 'baphomet' uitbeeld as 'n seks ikoon, vang hy behoorlik elke man op aarde van staatspresidente tot geestelike leiers.

Om terug te kom na Isébel van ouds. Sy was nie die koningin van die land nie, maar tog die land se regeerder. Sy was nie 'n profetes nie, maar tog geken as 'n profetes deur al haar dade. Sy het van andere geleef en geleer en dit haar nê gemaak dat dit lyk of dit van haar af kom. Sy het ten volle beheer en heerskappy oorgeneem van die werklike koning. Sy was die bestuurder van die volk deur die priesters en die koning. Deur haar heerskappy het sy haar religie [geloof] afdwing en is alleen geloof en bedank vir haar wysheid en verstand.

Nou kom ons by die geestelike nalatenskap wat sy vir die wêreld gelaat het. Eerstens noem ek dat die sodanige 'Isébel gees' nie net aan 'n vrou se nek gehang moet word nie, want dit kom van Ha satan, dus is dit sy werke van die begin af; hetsy manne of vroue word deur die 'gees' beïnvloed. Tweedens is dit so dat die vleeslik liggaam beheer word deur entiteite wat geestelik is. Om die twee te verstaan moet ons hulle beide saam behandel (*Vlees en gees*).

Die liggaam:

- 1) Ha satan werk met die sintuie van die liggaam. Hy misbruik dit wat jy mee sien, hoor, voel, ens. Die 'Isébel gees' gebruik eerstens die oë van die mens, want versoeking tree maklik daardeur in. Dit wek kranksinnige begeertes, veral as dit jou nie toekom nie {*Die stoor en vergaderplek van kranksinnigheid, is in die maag*}.
- 2) Haar gees maak misbruik van die gehoor, want daardeur kom rebelsheid teen onderwys en opvoeding. Dit word versoek om eerder gewelddadig te word, en veg teen orde {*Die stoor- en vergaderplek, is in die lewer en in die gal*}.
- 3) Haar gees misbruik die reuk, want daardeur kom versoeking deur foppery. Dit verly die man dat hy kruiperig word en dat hy nou moet leer om 'n goeie indruk te skep {*Die stoor en vergaderplek is in die hart*}.
- 4) Haar gees val die lewe aan en word eerste versoek deur owerspel. Die opdrag aan die mens was: "gaan en vermeerder" maar deur Isébel gees kom Wetteloosheid en begeertes na owerspel. Dit neem plek in tussen die ander sintuie. Die gees van haar (geslagsgemeenskap) versoek die man in ongeregtheid, dit gaan gepaard met diefstal en verkragting. Dit gaan oor homself [haarself] tevrede te stel en in sy natuurlike liefde en plesier; gewoonlik in ongeregtheid ("*gee en neem*"). Dit laat 'n jongman blindelings gelei word na 'n diep pit of 'n baie hoë afgrond. Die vierde aanvalspunt is teen die orde van die skepping, maar eerste in die begeertes van 'n jongmans lewe, omdat dit die waarheid besit. Ongemerkt word dit gedoen en onwetend die gevolge daarvan.
- 5) Haar gees is so geweldig sterk dat sy jou slaap ook manipuleer. Sy weet dat slaap spieëlbeelde van die natuurlike en die bonatuurlike is. Dit beweeg in die vlak van die dode wat met mekaar dwaal. Die gees vat van die ander sintuie en lei (verlei) hulle in die slaap wêreld in en bring dwaling, fantasie en verwarring na vore.

Isébel-gees is so teen die man op aarde dat sy alles in haar vermoë sal doen om hom te verly. Sy sal hom aanval in dit wat hy sien en hom in jaloesie opwek, want deur jaloesie laat hy kwaad intree wat sy siel verwoes en sy hele liggaam vergiftig.

Sy veroorsaak boosheid en neem die gedagtes oor {dit is in die bloed}, sy verswak sy natuurlike geheue vermoë en verlam die man se intelligensie. Depressiwiteit tree in en krap die man se siel so om dat sy liggaam bewe [slaaplose nagte tree in]. Indien jy kan slaap, neem geweld, moord en doodslag oor om die jaloesie saak op te los. Wanneer hy dan weer wakker skrik is hy in onrus en sien ander manne ook as dreigemente. Min besef dat jaloesie in YAH se toorn is en aan Hom behoort; nie aan die mens nie, want ons is te nietig om dit te kan hanteer.

Ha satan help homself deur Isébel te gebruik om die man op aarde af te breek tot niks. Wetsoortredinge begin by Ha satan, want hy was eerste een wat in afgunstig was in die tuin van Eden. Eerstens gebruik Ha satan sy afguns om alles wat aan YAH behoort af te breek; Tweedens verdruk hy YAH se skepsels; Derdens plaas hy hulle in ballingskap; Vierdens verlei hy vroue (*hy weet deur die vrou genereer YAH vir Hom 'n nageslag*); Vyfdens wek hy oproerigheid op dat daar teen YAH en Sy Wette gerebelleer moet word; Ses-dens saai hy net verwoesting waar hy ook al kom, en dit is reg oor die aarde.

Met die boonste gedeelte kan ons sien waar die Isébel-gees die liggaam aanval; Hetsy in die maag, borskas of kop. Ons weet dat die liggaam beheer word deur emosies, maar waar is die werklike beheer of 'kantoor' binne die liggaam? Maklik kan ons sê dit is die brein, maar dit is nie. Soos ek genoem het is dat Isébel net die beheer amptenaar van die brein moet wees en nie die brein vanself nie.


Nou kom die interessante wat die beheerpunt is wat sy [Ha satan] gebruik. Aan die onderkant van die brein is daar 'n slymklier bekend as 'pituïtêre klier [pynappel klier]. Dié klier is 'n ertjie grote en is aan die onderkant van die brein, maar maak nie deel van die brein nie. Die klier is agter tussen die oë onderaan die brein in 'n eie been kamertjie. Dit sit vas aan die brein en kom voor asof dit deel uitmaak van die brein. Nou daardie pituïtêre klier beheer die hele liggaam. Glo dit of nie, maar alle seine na alle ander kliere deur die liggaam kom van die Pituïtêre klier. Doen gerus navorsing oor die klier en jy sal sien dat die liggaam uit die kleinste kamertjie wat in die breinkas is beheer word. Hier is die web tuiste vir verdere ondersoek. <http://www.emc.maricopa.edu/faculty/farabee/biobk/biobookendocr.html> Dit beheer alle kliere, alles binne jou borskas, jou maag, jou kop, jou sintuie, en jou groei. Enige steuring soos groeisel aan die klier of swelsel sal die liggaam affekteer. Daar loop twee dik are deur die klier kamertjie; as swelling intree kan dit een of beide die are toedruk wat beroerte kan veroorsaak. Jou niere en byniere, voortplanting organe, mangels, skildklier, maag, lewer en so ook die groei en uitval van jou hare word deur die pituïtêre klier beheer; m.a.w. die pituïtêre area is waar die siel kamer is van die liggaam, waarvan die siel sy die beheer en behoeftes uitsien.

Met die gelese stuk sal jy agterkom dat die pituitêre klier nie beheer het oor die hart nie. Hoekom ? Want (in) die hart is die kamer van die gees. Soos die beheer kamer van die siel die liggaam bestuur kan hy dit nie doen sonder die samewerking van die gees nie.

As die hart gaan staan kan die siel nie heers nie. Dieselfde wil ek noem oor Isébel; As koning Agab nie daar was nie kon sy nie regeer het nie, want sy was 'n niks nie.

Ter afsluiting. Uitverkore manne en vroue van YAH gee jou bo vertrek, die bokamer waar jou siel woon aan YAHUSHA. Laat Hy heers vanuit jou hart en jou liggaamsbeheer uit jou verstand, laat Hy jou niere en so ook jou hart gereeld toets en ondersoek. Laat Hom toe om Sy liggaam, wat jy leen op aarde, te heers. Laat toe dat die Gees van YAH jou beheer; Laat toe dat Sy Gees uit sy 'latentheid' ontwaak; Plaas 'n Wag by jou siel [eie ek] dat Hy sal oorneem. Vra YAH dat kwaad nie sy intrek in jou sal kry nie, want daardeur kom 'n oormaat van Wetsoortredinge in jou as mens. Dit vernietig jou sieninge en stig Ha satans "se eie" binne jou en heers oor jou siel.

Onthou Ha satan kan nie in sy doel slaag as hy nie die vrou gebruik / misbruik nie. Ha satan kan nie slaag met manne wat hulle bo vertrek aan YAH gegee het nie. Hou dan dit ingedagte dat julle wat van Sy gees besit, wel in dié Waarheid is.



Bedink dit